CACHET APTEEK
U Plus Apteek
TOMSTRAAT 92
Tel. 4201
Groot genoeg om u te dien, klein genoeg om u te ken

die WAPAD
IN U LIG SIEN ONS DIE LIG
ASPU
AMPTELIKE STUDENTEKOERANT VAN DIE P.U. vir C.H.O.

PUKKE!
Vir u kleurbaadjies en sportbenodigdhede:
Johan Claassen Broers

JAARGANG XXXVI | NOMMER 10 | 7 MEI 1980

# Staatspresident op kampus

Die Staatspresident, mnr. Marais Viljoen, was die geleentheidspreker tydens die Hoofgradeplegtigheid van die PU. Hy het die universiteit gelukgewens met die Studentesentrum en het gesê dat die PU met reg daarop trots kan wees.

Mnr. Viljoen het gesê die band tussen die Universiteit en die gemeenskap is besonder heg. Die PU is geleë in 'n plattelandse omgewing, tussen groen weivelde waar daar rus en kalmte is, wat bevorderlik is vir die soeke na basiese kennis.

Universiteite het die taak om kennis as 'n eenheid na te streef. Die aard van 'n universiteit moet só wees dat studente en dosente nie net 'n bepaalde wetenskap bestudeer nie, maar ook die wetenskap van wetenskappe, Wysbegeerte of Wetenskapsleer, soos dit aan hierdie Universiteit bekend staan, het hy gesê.

Hy het ook gesê ons land het die mannekrag wat jaarliks by die universiteite opgelei word, baie nodig, aangesien die vraagstukke wat die Staatsbestuur hanteer, baie omvattend en ingewikkeld geword het.

Dit is 'n uitdaging vir ons universiteite om deur middel van navorsing te help om die Republiek op fisieke vlak weerbaar te maak. Danksy navorsing is die Republiek die wêreld voor op die gebied van die aanwending van alternatiewe energiebronne, byvoorbeeld die Sasolprojekte.

Mnr. Viljoen het ook hulde gebring aan prof. dr. J.D. du Toit (TOTIUS) wat aan die PU vir CHO verbonde was. Hy het ook verwys na twee voormalige rektore van hierdie Universiteit, nl. prof. dr. J. Chris Coetzee en prof. dr. H.J.J. Bingle.

# Wêreldroem vir PU-span

**Die PU wag tans op erkenning van die wêreldrekord wat deur die Trapkarklub opgestel is. 2021 km is binne 70 ure afgelê. Dit was van Beitbrug tot in Kaapstad.**

*Die "PUK-Trans-SA-Trapkartoer" wat gedurende die afgelope Aprilvakansie plaasgevind het, was volgens die leier van die groep, 'n reuse sukses.*

Ses maande gelede het die Trapkarklub besluit om hierdie toer te onderneem, omdat daar geen fondse van owerheidskant af beskikbaar was om die reeds beplande en goedgekeurde trapkarbaan op die Fanie du Toit-sportterrein op te rig nie. Omdat die bestuur nie kon toekyk hoe 'n jong, eg-Suid-Afrikaanse sportsoort kwyn nie, moes hulle self planne maak om soveel moontlik van die benodigde R15 000 bymekaar te skraap.

In Oktober 1979 het mnr. Rudolph Burger, bestuurslid van die klub, begin met die amptelike reëlings. Fondsinsameling deur middel van borglyste het toe reeds op koshuisvlak begin. Elke koshuis ontvang ongeveer 50 persent van die bedrag wat hulle insamel terug vir die bevordering en verbetering van trapkar as sportsoort op koshuisvlak. Die Departement Ontwikkeling het die reëlingskomitee bygestaan met reëlings en administratiewe werk. Die Mobilpetrolmaatskappy het die span met R1 000 in die vorm van petrol en hotelonkoste geborg.

**R2 000**

Nadat die SSR, Sportburo en die owerhede sonder sukses genader is vir 'n lening, het Pat's Harolds R2 000 rentevry voorgeskiet om die toer te finansier.

Die agtien beste trappers van die PU is gekies, asook ongeveer 20 trapkardebutantes wat die reklame en fondsinsameling op die toer moes waarneem. Tegnici, busbestuurders en 'n kameraspan het ook saamgegaan.

Op Saterdagoggend 29 Maart om 05h00 het die busse na Louis Trichardt vertrek, waar hulle die naweek by prof. J.A. van Rooy van Hammanskraal deurgebring het. Sondagmiddag het die mans na Beitbrug militêre basis vertrek waar hulle oornag het. Om 06h00 het die burgemeester van Messina die trappers op Beitbrug laat wegspring.

Ná harde trap oor die 32 km lange Soutpansbergpas het die span 'n paar minute voor skedule Pietersburg binnegetrap. Die eerste skof van 227 km was agter die rug. Die span is daar met 'n braaivleis deur PU-oudstudente onthaal. Die SAUK was ook teenwoordig.

**VINNIGSTE SPOED**

Dinsdag is die toergroep vanaf Pietersburg deur Potgietersrus, Naboomspruit, Nylstroom en Warmbad. Nét voor Warmbad het mnre. Org Basson en René Reynecke die vinnigste spoed op die toer bereik (83 km per uur). Die druk verkeer voor Pretoria het die spoed baie vertraag. Die gevolg was dat hulle 'n paar minute laat op die plein van die Hoofstad aangekom het.

Die span is buite Potchefstroom deur mnre. Aucamp en Van der Westhuizen van Departement Ontwikkeling begelei. By die universiteit is die trappers ontvang deur die SSR. Die 47 km na Klerksdorp is in 1 uur en 45 minute afgelê.

**LANGSTE SKOF**

Op die laaste skof van die eerste toerweek moes die mense van Wolmaransstad, Bloemhof, Christiana en Warrenton telkens hul program vervroeg om by die trappers se spoed aan te pas. Hierdie langste skof van 308 km is in 10 ure en 13 minute afglê.

Nadat hulle die naweek in Kimberley oorgebly het, het die groep die tweede groot skof na Kaapstad aangepak. Die groep is in Britstown deur die burgemeester, mnr. Wiplinger, ontvang en in die plaaslike hotel onthaal.

Op Dinsdag 8 April is die toergroep deur die Karoo. Die trappers het op Woensdag 9 April, tot by Matjiesfontein gevorder, maar moes terugkeer na Touwsrivier om daar te oornag.

**LAAT**

Die volgende skof het tot in Worcester gestrek. Op Vrydagoggend 11 April het die groep van Worcester se stadsaal vir die laaste skof vertrek. Hulle het die kruin van Du Toitskloofpas amper twee ure te laat bereik.

Die span het die Kasteel tog op presies die beplande tyd (13h00) bereik. Hier is hulle deur hul reklamedames, die burgemeester van Kaapstad, SAUK-TV, die Kasteel se bevelvoerder en prof. J.S. du Plessis van die PU, ingewag.



*Willem Esterhuizen en Fielies Kotze is besig om bloed te sweet teen die opdraande, terwyl die res van die trappers rustig sit en toekyk.*

# Radio-Puk brei uit

**Programme wat deur Radio-Puk vir die toekoms beplan word, sluit in 'n spannende vervolgverhaal, geskryf deur twee kreatiewe omroepers, 'n sonskynhoekie, kompetisies en daar word selfs oorweeg om met die hulp van die Departement Ontwikkeling die uitsaaidienste ook na die koshuise uit te brei. So 'n stap sal die trefkrag van die kampusradio baie versterk.**

Huidige uitsaaitye is van Maandag tot Vrydag, tussen half-een en half-drie en gedurende sleeptye in die aande. Spesiale versoekprogramme word ook dan uitgesaai.

Benewens die diskoteek wat bestaan uit ongeveer 150 langspeelplate en net soveel solusseweplate (wat deur bekende platemaatskappye aan die PU geskenk word), hanteer Radio-Puk ook nuusbulletins en flitse. Onderhoude word gevoer met bekendes op die kampus en ook van buite. Paul Eylers en Leon Schuster het al onder hierdie "nuuskierige mikrofoon" deurgeloop.

# Koshuis vorder nou

Die raad het verklaar dat die vordering met die uitgrawings en grondwerke aan die dampadkoshuis bevredigend vorder. 'n Tender ten bedrae van R2,25 miljoen is van die firma LTA-konstruksies aanvaar. Dit is dieselfde firma wat tans besig is met die bou van die Administrasiegebou. Daar word beraam dat die bouwerk aan die koshuis wat 250 studente kan huisves, teen die einde van 1981 voltooi sal wees.

# Orrel- en kerkmusiek op PU

**Die Raad van die Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys het pas goedkeuring gegee vir die stigting van 'n Buro vir Orrelbou en Kerkmusiek aan die unversiteit.**

Die doelstellings van die Buro is onder meer dienslewering ten opsigte van die beplanning en spesifikasies van en kontrole oor die bou van nuwe orrels. Daar sal ook raadgegee word met die restourasie en herbou van bestaande orrels.

Leiding sal gegee word oor die eise wat musiek as funksionele element in en om die erediens aan kerkboukonstruksie stel. Verder sal advies gegee word oor gemeentesang, die begeleiding van gemeentesang en kerkmusiek in die erediens.

Die Buro sal ook 'n databank met inligting opbou wat nuttig sal wees vir alle instansies, individue en gemeentes.

Die rektor van die universiteit, prof. Tjaart van der Walt, het gesê só 'n Buro word geregverdig deur die PU se Christelike karakter en die wye belangstelling in orrel- en kerkmusiek.

Verder word die stigting van die Buro begunstig deur die huidige samestelling van die personeel aan die Musiekkonservatorium aan die universiteit. Minstens nege personeellede is goed opgelei in orrelspel en drie het deel gehad aan die voltooiing van die nuwe Psalm- en Gesangboek.

Beeldende Kunste Letterkunde Musiek Teater

# Burwitz bied net die beste

— Johan Myburg —

**Prof. Rassie Smit, registrateur, het die uitstalling van werke deur Nils Burwitz op Dinsdagaand 22 April in die Frans du Toit-lokaal geopen. Die kunstenaar was by die geleentheid teenwoordig.**

Na die opening het die kunstenaar 'n lesing gegee oor die "kuns van die toekoms" en dit aan hand van skyfies van sy eie werk verduidelik.

Nils Burwitz is in Oos-Duitsland gebore, maar woon lank reeds in Suid-Afrika. Alhoewel hy deesdae min in Suid-Afrika kom, word hy tog allerweë as 'n Suid-Afrikaanse kunstenaar beskou. Hy is inderdaad een van die belangrikste grafiese kunstenaars van ons tyd.

Burwitz het reeds vyftien eenmantentoonstellings gehou en hy het aan sewentien groeptentoonstellings deelgeneem. Hierdie uitstallings het in Suid-Afrika en in die buiteland plaasgevind.

Van Burwitz se werke is in openbare versamelings in Suid-Afrika, Oostenryk, Switserland, Engeland, Majorka, Duitsland, Amerika, Joegoslawië en Botswana te sien.

Dit is Burwitz se persoonlike ervarings en ander mense se deurleefde lewensomstandighede wat hom primêr interesseer. Hierdie "voorliefde" van die kunstenaar kom in baie van sy werke na vore, byvoorbeeld die uitbeelding van motorongelukke, die Wes-Driefontein-mynramp en allerlei wreedhede.

In die afgelope aantal jare bevat Burwitz se werk ook sosiale kommentaar. Die kunstenaar wil die "mens-in-omstandighede" uitbeeld. Alhoewel die maatskappykritiek polities opgeneem kan word, het dit eerder 'n maatskaplike betekenis.

"Ek stel graag vir myself 'n probleem wanneer ek skilder," het die kunstenaar by geleentheid opgemerk.

In sy lesing oor "kuns van die toekoms" het mnr. Burwitz gesê kuns gaan in die toekoms 'n groter kommunikasiemiddel word. "Die kunstenaar kan kontak opbou waar logika en ideologie nie kan bykom nie," het hy gesê.

"Die doel van kuns is nie om mure te bou nie, maar om grense af te takel en brûe te bou."

Die kunstenaar het 'n ruim aantal kleurskyfies vertoon wat werke ingesluit het wat nie op die uitstalling te sien is nie.

Nils Burwitz het vier grafiese werke aan die permanente versameling van die PU geskenk tydens sy besoek aan Potchefstroom — 'n belangrike geskenk van 'n baie belangrike kunstenaar.



*Tydens die skrywersberaad wat van 17 tot 19 April op Mazelspoort gehou is, het hierdie Pukke die besprekings bygewoon. (Foto: Rudolph Willemse)*

# Films begin op kampus

**Die nuutgestigte Filmvereniging van die PU het op 22 April hul eerste film vertoon. Die film, "The Virgin Spring", se regie is waargeneem deur Ingmar Bergman en die akteurs is Max von Sydow, Birgitta Pettersson, Gunnel Lindblom en Birgitta Valberg.**

Die draaiboek van die film is een van die weiniges wat Bergman gebruik het, wat hy nie self geskryf het nie. Dit is gebaseer op 'n 14de-eeuse legende met die oorvloedige genade van God en die wonder van versoening as tema.

Bergman het self hieroor opgemerk: "Our whole existence is based on the fact that there are things we may do and others we may not do, and these are the complications that we constantly come into contact with throughout our life."

Die program vir Mei sien soos volg daaruit:

6 Mei — Aguirre, Wrath of God (Regisseur: Werner Herzog),

13 Mei — Le Crabe Tambour (Regisseur: Pierre Schoendoerffer, 'n Franse film met Engelse onderskrifte),

20 Mei — Distant Thunder (Regisseur: Satyajit Ray, 'n Indiese film).

Die ledegeld van die vereniging is R6 per jaar vir studente en R10 per jaar vir personeel. Reekskaartjies wat vir 3 vertonings geldig is, is verkrygbaar teen R4.

Inskrywings as lede van die vereniging kan tot 6 Mei by die Inligtingstoonbank in die Studentesentrum gedoen word.

# Musiekvereniging sien Faust en Cosi fan Tutte

— Ona Neethling —

**Die Musiekvereniging van die PU het op twee agtereenvolgende aande opvoerings van operas in Johannesburg bygewoon.**

Faust, van Gounod, was skouspelagtig — veral ten opsigte van die dekor en die beligting. Die sangers, veral Kenneth Collins (wat Faust vertolk het), was soms effens sag teen die orkes. Die opera het as geheel besonder beïndruk.

Cosi fan Tutte, die opera van Mozart, het getuig van uitmuntende sang, goedgekose rolverdeling en oortuigende spel. Hier het die dekor en verhoogregie die opera in te 'n groot mate gekortwiek om as honderd persent suksesvol beskou te word.

'n Mens sou graag wou sien wat die standaard sou wees indien Neels Hansen die regie waargeneem het, want Faust, waarvan hy die regisseur was, was in dié opsigte baie meer geslaag.


MODEL-SKOENWINKEL — CHECKERS-SENTRUM en SKOENSENTRUM — KERKSTRAAT



Vir die jongste modes in skoene

OIP-105113


*Stom,*
*omdat daar in die oneindigheid*
*van woorde*
*geen klank vir*
*hierdie liefde is nie.*

*klein,*
*want jou omvang is 'n makro*
*mirakel,*
*die katalis*
*wat my tot niks reduseer.*

*en bang,*
*omdat ek reg en tog totaal verkeerd*
*vir jou is.*
*Nogtans nie my wil nie*
*maar U wil geskied.*

MAGRIET UECKERMANN

# PU pak Middeleeue aan

**Die Departement Spraakleer en Drama van die PU bied op 7 en 8 Mei om 19h30 die Middeleeuse mirakelspel "Mariken van Nymegen" aan. Die regie word waargeneem deur Elize Scheepers.**

"Mariken van Nymegen" is 'n tipiese voorbeeld van die Middeleeuse dramatiek en dan by name die mirakelspel. Hierdie lewendige realistiese spel dateer uit ongeveer die jaar 1500.

In "Mariken van Nymegen", word getrou aan die mirakelspel, vryelik gebruik gemaak van wonders of mirakels.

Mariken gee haarself in wanhoop aan die duiwel oor en woon sewe jaar lank saam met hom. Wanneer sy 'n rondreisende opvoering, waarin die stryd van die siel van 'n sondige mens uitgebeeld word, sien, trek sy na 'n klooster en na 'n lang boetedoening kry sy eindelik vergifnis van haar sonde.

Plekbespreking kan by die Studentesentrum of by Hoffmanstraat 4 gedoen word.




*Kenneth Collins wat die naamrol in Faust gesing het. Truk-Opera het dié produksie aangebied. (Foto: Beeld)*




*Heide in aksie . . .*

# Heide en Over de Voor besoek UP



*Over de Voor in aksie . . .*



*Eindresultaat!*

# SSD ontstaan

**Die SSD oftewel Stigting Studente-dialoog is in die lewe geroep om studenteleierskap aan die Afrikaanse Universiteite te koördineer en te aktiveer ten opsigte van aktuele vraagstukke. Twee of driemaal jaarliks word byeenkomste gereël waartydens studente in 'n rustige atmosfeer kan redeneer.**

Hierdie kampe word bygewoon deur al die Afrikaanse kampusse in die land en die afgevaardigdes wat daarheen gestuur word, word pro rata bepaal deur die studentegetalle van die verskillende universiteite.

Die Studenteraad van die PU het al die moontlikhede van die stigting van 'n mini-SSD ondersoek, maar vanweë botsings met aktiwiteite van die ASB en die Politiese Raad word probleme ondervind.

Die aanbieding van die SSD-kampe staan onder die beskerming van trustees uit die dosentekorps van die verskillende universiteite.

# Beurse verhoog

**Onderwysbeurse is met 80% verhoog. Prestasietoekennings sal wel uitbetaal word, maar eers in die tweede semester.**

Gedurende die tweede week in Mei word R816 as eerste betaling aan studente uitbetaal.

In die tweede semester word die res asook die prestasiebeurse uitbetaal.

# Nuusflitse

**KARLIEN IS VERNIEL:**

Die dames van Karlien is ontevrede oor die skade wat in die koshuis aangerig is tydens die Aprilvakansie. 'n Groep skoolseuns wat 'n sportkursus bygewoon het, het hier tuisgegaan. Vensters is gebreek, slagspreuke is op deure aangebring, kaste is oopgebreek, duursame artikels is gesteel, gordynhakies is uitgeruk en kamers is bemors agtergelaat. Die dames vra dat skoolkinders in die toekoms in manskoshuise tuisgaan.

**OVER DE VOOR EN WANDA HOU GROOT BRAG:**

Over de Voor het Wanda geskiet vir hulle Groot Brag. 'n Hele aantal sportspanne is bekend gestel. Die hoogtepunt was die Wynspan. Wanda is uitgedaag vir 'n "boatrace". Die geleentheid is afgesluit met warmbrakke.

DEBBIE'S-MATERIALE

Checkers-sentrum 4A

Materiale en patrone.

Jongste style en modes

Materiale te kies en te keur.

KORTING VIR STUDENTE.




# Neem kennis

**DAAR is nog boeke by die Studenteraad se boekwinkel vir tweedehandse boeke wat ná twee jaar nog nie verkoop is nie. Persone wie se boeke nog nie verkoop is nie, moet dit asseblief kom afhaal vóór 8 Mei vanjaar. Daarna word daar 'n uitverkoping van die onverkoopte boeke gehou. Dit sal beteken dat die boeke teen 'n veel goedkoper prys verkoop sal word as wat die eienaars daarvoor wou hê. Ná die uitverkoping sal die boeke wat verouderd is en nie meer voorgeskryf word nie, weggebêre word. Persone wat hul boeke wil terughê, kan mnr Theunis Steyn by Potchefstroom 21181 skakel. Hy is die SSR-lid vir Studentedienste.**




Hy het my vertel dat hy en sy seuntjie die naweek 'n bietjie loop visvang het. Saterdagaand kom die twee met 'n yslike streepsak vol mooi groot visse by die huis aan. Mamma Tjortsma is natuurlik baie bly en vra haar kind of hulle die plek gemerk het waar hulle al die vis gevang het. "Ja, Mamma, ek het 'n kruisie op die kant van die boot gemaak om die plek te merk." "Ja, dom twak," skreeu Tjorts. "Hoe weet jy ons gaan volgende keer weer dieselfde boot kry?"

Ek was maar net bietjie verbaas gewees, want ek raak nou stadigaan gewoond aan die soort ding. Juis op daardie oomblik kom mev. Tjortsma om die hoek met haar jongste in 'n stootwaentjie. Tjorts het die waentjie self gebou. Ek vra toe of die ding nie 'n bietjie hoog is nie. "Nee," sê hy, "mens moet darem kan hoor as die kleinding uitfoeter."

Hy vertel my toe van sy vriend wat in die dierkundeklas gehoor het dat 'n skilpad tot 200 jaar oud kan word. Die man kry toe vir hom 'n lisensie en gaan koop vir hom 'n skilpad . . . net om te sien of dit regtig so is. Ja, dan merk ek ook die plakaat in dieselfde klas op wat sê: "Sal daardie student wat die bottel alkohol uit lokaal 305 van die Dierkundegebou gesteel het, asseblief my tante se blindederm terugbesorg."

(Kaas dit en geniet dit!)

Tjorts.



(well, almost anything)

We'll do anything to see you driving a Passat.

Bring us your car and we'll show you why you should be driving a Passat.
Whatever you drive, any make, any model, we're interested because our used car market is booming
What's more, we'll give you the very best deal on a new Passat!

Harold's Volkswagen

220 Kerk Street, Potchefstroom. Tel. 4261

Positive PNB24486




# Landloop seisoen op hande

**Met die winter nou op hande, het die landloopseisoen ook aangebreek. Die PU beleef al die afgelope paar jaar 'n insinking op dié sportgebied. Studente wat enigsins belangstel in landloop word versoek om vroeg reeds te begin voorberei. Landloop is 'n heerlike, ontspannende sportsoort wat enige aktiewe student in 'n goeie toestand hou. Die beoefening van dié wintersport hou altyd suksesvolle nagevolge in vir die komende somerseisoen se sportsoorte.**

In die fisiese voorbereiding van bogenoemde atlete moet 'n mens ten aanvang gewys word op 'n langtermynbeplanning. Die eerste en belangrikste vereiste vir landloopatlete is stamina en dié komponent kan met harde en toegewyde oefening in die wintermaande opgebou word.

Ons wil 'n daadwerklike poging aanwend om weereens ons regmatige deel op dié gebied te verkry en daarom word daar 'n beroep gedoen op alle belangstellende atlete om dadelik te begin met 'n goed opgestelde oefenprogram.

Ander atlete het gedurende die wintermaande 'n wesenlike probleem en wel om die rede dat hulle vir vier tot vyf maande moet oefen sonder enige geleenthede vir kompetisies. Landlopers, middel- en langafstandatlete is gelukkig in die posisie dat daar gereelde kompetisies is. Die eerste kompetisie in Wes-Transvaal begin op 3 Mei. Daar is ook twee landloop-intervarsities, SAU-landloopkampioenskappe en die Suid-Afrikaanse landloopkampioenskappe later vanjaar in Pretoria.

Op Woensdag 30 April word daar 'n interkoshuislandloopkompetisie gehou. Dit sal om 16h30 by die Fanie du Toit-sportterrein begin. Die mans sal agt kilometer en die dames vier kilometer aflê. Inskrywings per koshuis is onbeperk en die eerste vier atlete per koshuis teken punte aan. Die koshuisspanne moet dus meer as vier atlete bevat.

Georganiseerde oefeninge onder leiding van Christo Snyman (Sportburo) vind elke oggend vanaf Maandag tot Donderdag van 06h15 tot 06h45 plaas. In die middae is die oefentye Maandae tot Vrydae om 16h30. Studente wat belangstel en hul eie oefentye wil uitwerk, is welkom om Christo Snyman by die Sportburo te skakel.

# PU wen oortuigend

**Op Woensdagaand 24 April het die eerste span van die PU vir Weermag gewen toe hulle met 43 - 15 gewen het.**

Die Weermag-span was goed gemotiveerd en het aanvanklik sterk verdedig, maar die Pukke het veral ná halftyd met hulle begin speel. Mooi hardloop-rugby het op 'n stadium gesorg vir vier drieë direk na mekaar.

Die huidige PU-span is een van die beste spanne wat die PU in jare gehad het. Die span lyk tans soos volg: Boland Pienaar (heelagter); Wessel van der Merwe (linkervleuel); Alan Kollesky (regtervleuel); Zillen Roos (senter); Louwtjie van der Walt (senter); Tjaart Marais (losskakel); Nici Claassen (skrumskakel); Nic Nortjé (loskopstut); Anton Fick (haker); Dolf Jonker (vasskopstut); Casper Troskie (flank); André Markgraaff (slot en kaptein); Eben Smit (slot); Peet Snyman (flank); Peter Conchar (agtste man).

Tydens die wedstryd teen Weermag het Zillen Roos vir drie drieë gesorg. Wessel, André, Peter en Boland het ook elkeen 'n drie gedruk. Alan Kolesky het met vyf doelskoppe en een strafskop geslaag.



*Links: Alhoewel "Toutrek" 'n nuwe sportsoort aan die Universiteit is, is dit een van die suksesvolstes. Sterkte vir Roodepoort, manne, katrol die tou in!*

# Valskermklub gaan vooruit

**Die PU-valskermklub is geaffilieer by die Wes-Transvaalse Valskermklub (Klerksdorp) en laasgenoemde is geaffilieer by die Valskermafdeling van die Aeroklub van Suid-Afrika. Die PU-Valskermklub maak op die oomblik gebruik van die Wes-Transvaalklub se vliegtuig en instrukteurs.**

Enige student kan nou begin spring teen net R40 en al wat hy moet doen om te begin is die volgende: plaas 'n nota met jou naam en adres (koshuis) in bussie 121 by die studentesentrum; óf kom enige Woensdagmiddag om 16h30 na die Totiussaal.

'n Doktersertifikaat wat jou fiks verklaar vir deelname aan valskermsport is 'n vereiste. Indien jy minderjarig is, is skriftelike toestemming ook nodig vóór jy kan begin met die opleiding. Stewels wat jou enkels goed steun, is baie belangrik en jy moet dit van die begin af reeds besit.

Die kursus behels die volgende: vliegtuig; stabiliteit in die lug; valskermkontrole; landings; pak van die valskerm; noodoefeninge.

Elke Saterdagoggend vanaf 10h00 is daar 'n opleidingskursus by die P.C. Pelser-lughawe by Klerksdorp. Die kursus duur ongeveer ses ure. Die eerste sprong word dieselfde dag reeds uitgevoer.

Die PU vir CHO bied tans die goedkoopste valskermkursus in Suid-Afrika aan.

# *Sportkompetisie vir PU-dames*

**Die jaarlikse Charlie-Sportvroukompetisie vind op Vrydag 23 Mei plaas. Alle wedstryde sal in Johannesburg op die sportterrein van RAU gehou word.**

Daar word nog gesoek na PU-dames wat belangstel in dié kompetisie. Hulle sal aan die volgende items deelneem: duik; swem; basketbal; fiksheidsoefeninge; 100 m-naelloop; hokkie; 400 m-hindernis en hoogspring. Die wenner van die kompetisie sal Revlon-produkte vir een jaar ontvang. Die tweede prys is ses maande se voorraad en die derde prys drie maande se voorraad van Revlon-produkte. Alle deelneemsters sal 'n Charlie-T-hempie ontvang en 'n skemerkelkonthaal word na afloop van die kompetisie aangebied.

Dames wat belangstel in die Sportvroukompetisie moet vóór 8 Mei by Piet Brand (Sportburo) aanmeld. Studente van RAU gaan Transvaal verteenwoordig en dié van Tuks Noord-Transvaal. Kom ons kyk of die hele Wes-Transvaal uit Pukke kan bestaan. Daar is niks om te verloor nie, julle kan slegs wen.

# Kort-sport

### *Dameshokkie*

Op Saterdag 26 April het die volgende hokkiespanne wedstryde gespeel: PU-eerstespan wen 4 - 2 teen Strathvaal se eerstespan. Die tweedespan van die PU het met 1 - 0 teen Villagers se eerstespan gewen. PU se derdespan wen 4 - 0 teen die tweedespan van Klerksdorp. Die vierdespan van die PU verloor met 1 - 3 teen Vaal Reefs se tweedespan.

### *Manshokkie:*

Die PU-eerstespan het op Saterdag 26 April met 2 - 4 teen Weermag se eerstespan verloor. Die tweedespan het met 1 - 2 teen Strathvaal verloor.

Nici Breedt en Pierre van Heerden het die hokkiespan van Wes-Transvaal "Junior Board" gehaal. Baie geluk!

### *Toutrek:*

Die PU-toutrekspan gaan op Saterdag 3 Mei op Roodepoort aan 'n kompetisie deelneem. Alle voorspoed word julle toegewens.

### *KANO:*

Die kanovaarders van die PU vir CHO gaan op Saterdag 3 Mei na Parys om op die Vaalrivier aan 'n roeikompetisie deel te neem. Sterkte!

### *NETBAL:*

Die PU se eerste netbalspan het op Saterdag 26 April met 12 doele teen 20 teen Pote verloor.

### *INTERVARSITY TEEN RAU:*

Volgens mnr. Piet Brand sal die jaarlikse Intervarsity teen RAU nie vanjaar op 10 Mei plaasvind nie. As gevolg van probleme aan RAU se kant word daar nou onderhandel vir 'n moontlikheid op 'n ander geleentheid. Dié byeenkoms sal in elke geval nie 'n volwaardige Intervarsity wees nie. Niks is nog gefinaliseer nie.

### *LEEU-KAARTJIES:*

Dit word weereens onder al die studente se aandag gebring dat kaartjies vir die wedstryd tussen die Leeus en die SA-uitnodigingspan in Potchefstroom net by die Sportburo verkrygbaar is. Slegs 'n beperkte aantal kaartjies is beskikbaar en dit sal nêrens goedkoper verkry kan word nie.

### *RUGBY:*

Tydens die eerste wedstryde wat verlede week plaasgevind het, was dit duidelik dat 'n wenner nié op dié stadium van die seisoen gesoek kan word nie. Die wedstryde tussen die verskillende koshuise is die een so spannend soos die ander en aan verrassings wat die eindtellings betref, is daar baie.

Verlede week het Klooster met 6 - 1 teen Hombré verloor. Dawie Dup het weer met 9 - 7 teen Amajuba gewen. Overs het Caput met 10 - 4 die kous oor die kop van die veld laat stap. Drakenstein het teen Villagers verloor en slegs met 3 - 6.

**Vir tikwerk teen 50 sent per A4, kontak mev. A. van der Walt, De Wetstraat 5, Potchefstroom. (Tel. 5492).**

# Oplewing in skaak

**Vir Skaakspel — 1980 word daar groot oplewings verwag, veral ná die drastiese herstrukturering van die organisasie in dié klub.**

Onder die leiding van Piet Fouché beleef die klub weer sterk belangstelling vanaf die studente se kant. Vir die eerste keer is 'n verpligte koshuisliga ingestel en dit het meegewerk tot 'n groter ledetal en beter standaard in die Skaakklub.

Op Woensdag 30 April is die eerste kampioenskappe gehou; en wel teen Pote. Die volledige uitslag sal in 'n volgende verskyning van Die Wapad geplaas word.

Die gereelde oefeningsaande vind plaas op Woensdae om 19h00 in kamer 10 van die Frans du Toit-gebou. Studente kan nog hul koshuise kom verteenwoordig en geen individuele ledegelde word verwag nie.

# *V.M.N. trap eerste*

**Op Saterdag 26 April het die trapkarspan van Vergeet-My-Nie (PU) tydens die jaarlikse SAFUIS-Trapkarkampioenskappe in Pretoria eerste van die Universiteit-damesspanne geëindig.**

Dit was die eerste keer dat die span van Vergeet-My-Nie aan 'n SAFUIS-wedren deelgeneem het. Hulle het prysgeld van R75 en 'n wisseltrofee ontvang. Die spanne van Over de Voor en Caput het onderskeidelik agtste en tiende geëindig.

Die eerste trapkarliga vir mans vind op Saterdag 3 Mei by 'n hoërskool in Rustenburg plaas. Dames mag ook deelneem en die Trapkarklub van die PU verskaf vervoer soontoe. Ná die liga word deelnemers op 'n braaivleis in die Kloof onthaal. Die prysgeld sal ongeveer R300 beloop.

Die tweede damesliga word op Woensdag 7 Mei op die kampus van die PU gehou.